



Mnr. Peter Howarth van Tableview laai goedere van die Qu' Importe af, wat 10 km van Yzerfontein op 'n sandbank geloop het. Foto: Barry Lamprecht

23/2/1998 BUNSEN

# Franse jagvaarder verdrink by strand

Merentia van der Vent

JAKKALSFONTEIN. - "Ek het hom hoor skreeu, maar kon hom glad nie in die donker nag en mistige weer sien nie. Daar was nie 'n lig of maanlig wat my kon help om hom te hulp te snel nie."

Só het mej. Nesta Kennedy, enigste oorlewende bemanningslid van die gestrande jag Qu' importe, gister vertel.

Die lyk van die 72-jarige Fransman mnr. Gilbert Paillard het gister omstreeks 7 vm. op die strand 10 km duskant Yzerfontein en sowat 3 km van hier uitgespoel.

Hy was klaarblyklik onbewus daarvan dat sy jag digby die strand op 'n sandbank geloop het.

Kennedy (27), die enigste ander bemanningslid en ervare seiljagvaarder van Australië, het Paillard sowat 'n week gelede in Kaapstad by die Royal Cape Yacht Club ontmoet.

Paillard, 'n afgetrede elektroniese ingenieur, het die veselglasjag van sowat 12 m, met moderne navigasie- en kommunikasie-toerusting, self gebou.

"Dit was 'n tragedie. As hy geweet het hy was so na aan die strand kon hy uitgeswem het," het Kennedy hartseer vertel.

Volgens Kennedy was Paillard, wat in Dakar gewoon het, onder-

weg om by vriende op die Antille eilande te gaan kuier.

"Ons het Saterdag omstreeks 2 nm. van Kaapstad begin seil. Ek het om 8 nm. gaan slaap, want hy moes diens doen.

"Omstreeks middernag het ek van 'n harde slag wakker geskrik terwyl water by die kajuit ingestroom het," het sy vertel.

"Ek het opgespring, my na buite gehaas en hom hoor roep. Ek het probeer om die boot in die rigting van sy hulpkrete te draai.

## Noodfakkels afgevuur

"Die jag wou nie reageer nie, want dit het op 'n sandbank digby die strand vasgesit.

"Ek het onmiddellik die hawekaptein in kennis gestel en ook drie noodfakkels afgevuur. Hulp het teen 2 vm. opgedaag," het Kennedy gesê.

Drie reddingsbote van die NSRI, 'n polisiehelikopter en reddingswerkers op die strand het deurnag na Paillard gesoek.

Kennedy het teen dagbreek van die jag afgeklim en self na die strand gestap. Sy het talle kneusplekke opgedoen.

Volgens mnr. Brad Geysler, Stasie 2 bevelvoerder by Bakoven, het 'n NSRI lid van 'n reddingsboot afgeval. Hy is later ongedeerd maar geskok 50 m van die jag op die strand gekry.



Mej. Nesta Kennedy, enigste oorlewende, wat die noodkrete gehoor het.